RIGLYN VIR DIE INSTEL VAN 'N EIS OM VERGOEDING INGEVOLGE DIE MINERAAL- EN PETROLEUM HULPBRONONTWIKKELING WET

Agri SA was onlangs betrokke in ‘n regsgeding in die Hooggeregshof wat in wese gehandel het oor die toepassing van die Wet op Mineraal- en Petroleum Hulpbronne Ontwikkelingswet (MPRD-wet) wat op 1 Mei 2004 in werking getree het en wat na ons mening onteiening van mineraalregte meegebring het en wat gevolglik vergoeding aan mineraalreghouers behoort op te lewer. Die staat huldig ‘n teenstrydige siening in dié verband.

Die betrokke uitspraak van die hof word steeds afgewag. Persone (insluitende regspersone) wat eise in die verband wil instel moet dit ingevolge wetsvoorskrifte voor 30 April 2011 doen. Geliewe asseblief daarop te let dat die indiening van sodanige eise, ongeag die uitslag van die voorvermelde hofsaak, steeds oorweeg moet word aangesien die betrokke afsnydatum (30 April 2011) van toepassing bly. Agri SA beplan in elk geval om voortgesette regsaksie (appèl) te onderneem in die geval van ‘n ongunstige beslissing deur die Hooggeregshof.

In samewerking met MacRobert prokureurs is ‘n “Riglyn vir die instel van ‘n eis om vergoeding ...” opgestel wat aan alle provinsiale affiliasies van Agri SA voorsien is en wat by dié instellings verkry kan word. Eisers moet asseblief kennis neem van die aanbeveling in die riglyndokument waarvolgens regsadvies met die indiening van die betrokke eise bekom behoort te word.

Kontakbesonderhede van die provinsiale affiliasies is op Agri SA se webwerf: www.agrisa.co.za/prova.htm